Vier maande na die heengaan van professor Obbink het die Outestamentiese wetenskap 'n tweede groot verlies gely in die afsterwe van professor Eerdmans, die oudste van die Nederlandse Outestamentici. Reeds tien jaar gelede het prof. Eerdmans weens die bereike van die emeritaatsleeftyd sy hoogleraarsamp aan die Leidse Universiteit moes neerlê. Maar juis in hierdie laaste tien jaar van sy nou ampteloos geworde lewe het hy 'n besonder aktiewe aandeel gehad aan die bevordering van die Outestamentiese studie in Nederland en deur sy publikasies die laaste tyd vernaamlik in die Engelse taal ook buite die grense van Nederland en die vasteland van Europa vernude bekendheid verkry.

In die treffende In Memoriam deur sy leerling en opvolger, prof. P. A. H. de Boer in die Nederlands Theologisch Tijdschrift van Oktober l.l. aan sy nagedagtenis gewy, word daarop gewys hoe die lewe van die oorledene in vier duidelik onderskeide periodes ingedeel kan word. Daar is eers die van voorbereiding tot hy op sy dertigste jaar tot die belangrike Leidse leerstoel as tweede opvolger van die bekende professor Kuenen geroep is. Dan volg vyftien jare van intense bemoeiing met die Ou Testament en 'n lang reeks van belangrike publikasies waarvan wel die opmerklikste, die *Alttestamentliche Studien,* by Töpelmann in Giessen verskyn het (I, II 1908, III 1910, IV 1912). Maar dan moet De Boer opmerk: „Het tweede vijftiental jaren van zijn professoraat werden niet door het Oude Testament bepaald." Redes daartoe was miskien gedeeltelik teleurstelling oor die weinig waardering wat sy ondersoekinge by die

toonaangewende critici van daardie dae veral in Duitsland gevind het, maar eweseer die behoefte om sy volk op wyer terrein te dien deur aktief deel te neem aan die stryd vir die Protestantse volkskarakter en vir die liberale beginsels in sake van onderwys en samelewing. „De wetenschap heeft het echter gewonnen" skryf De Boer. Die laaste twintig jare van sy lewe en daarvan veral die laaste tien juis na sy aftrede as hoogleraar, het prof. Eerdmans 'n verbasingwekkende nuwe ywer en belangstelling vir sy ou liefde, die Ou Testament, aan die dag gelê en die wetenskaplike literatuur met verskillende belangrike studies en studiewerke verryk. 'n Paar dae voordat hy op 'n kongres van godsdienshistorici in Amsterdam 'n lesing sou hou oor wat een van die geliefdste stellinge van sy later beskouings oor die Godsdiens van Israel was, nl. dat dit 'n gestigte en nie 'n natuurlik geworde godsdiens was, is die vergrysde geleerde met sy besonder kenmerkende gelaatstrekke wat nog so volop in die tuig was, weggeneem. Ek ag myself gelukkig dat ek hom in sy voorlaaste lewensjaar nog — al was dit vir die eerste en laaste maal — mog ontmoet in die kring van jonger en ouer kollega's en leerlinge onder wie hy so'n besondere hoogagting geniet het.

Die lewenswerk van professor Eerdmans kan gekenmerk word as 'n ingrypende kritiek vanuit kritiese standpunt op die konstruksie wat die skool van Wellhausen aangaande die godsdiens en literatuur van Oud-Israel daargestel het. Sy hoofbeswaar teen die Wellhausiaanse kritiese bousel was die evolusionistiese sisteem waarvolgens dit opgetrek was. In 'n anoniem verskene opstel *Reactie of Vooruitgang* (deur Ignotus en Agnotus) verskene in die Theologisch Tijdschrift XLIII, 1909 het Eerdmans beklemtoon dat die wese van die godsdiens nie lê in die vertroue op die voortdurend toenemende adeldom van die menslike persoonlikheid (dus evolusie) nie, maar in die soek en vind van redding uit die lewensnood (dus soteriologie). Hierdie oortuiging het hy nie apodikties opgelê nie, maar dit het tog wel die rigting van sy ondersoekinge mee bepaal. In sy laaste groot werk, 'n jaar voor sy afsterwe verskene *The Religion of Israel*, Leiden 1947 is hierdie oortuiging reeds op die eerste paar bladsye merkbaar waar hy verklaar aangaande die sgn. „hoër kritiek" van 'n honderd jaar gelede: Die evolusie-teorie, destyds die heersende in die natuurwetenskap, het geleerdes daartoe gebring om na 'n dergelike ontwikkeling van die mens se gedagtes en godsdiens te soek". Daarteenoor wil Eerdmans 'n beskrywing van die godsdiens van Israel gee wat vry is van die evolusionistiese konstruksie van Welhausen. Sy vryheidsin kom egter ewe duidelik tot uiting as hy daaraan toevoeg: eweseer as van enige dogmatiese of teologiese vooronderstelling! Hy bestry dan ook die Wellhausiaanse geskiedbeskouing nie met algemene, dogmaties-teo-

logiese bewerings of uiteensettings nie, maar met eksakte historiese en literêre navorsings en feitemateriaal.

Teenoor die skema van die ontwikkeling van die godsdiens van Israel uit 'n nomadereligie tot 'n boerereligie en verder tot die etiese religie van die profete het Eerdmans gedurig en as ek goed sien al sterker beklemtoon dat die godsdiens van die Ou Testament 'n gestigte, nie 'n natuurlik-nasionale religie was nie. Hieruit het hy belangwekkende verskynsels in die O.T. weet te verklaar soos bv. die menigvuldige voorkom van die min of meer geheimsinnige „vyande" in die Psalms. By 'n gestigte en nie natuurlik-nasionale religie soos die van Israel kon die teenstelling opkom tussen religieuse persoonlikhede op groepe en die gemengde groot volksmasse wat meer vir die Kanaänitiese en algemeen Oosterse religie oopgestaan het. Veral in tye van ontroue konings het hulle saamgestaan as die verdedigers van die ware wese en verering van God van Israel teenoor die algemene tydsgees en heersende magshebbers wat as die „vyande" van God en sy volk bestempel is. Dis 'n selfde verskynsel as wat in ander gestigte religies soos die Christendom en die Islam opgemerk kan word. In sy Religion of Israel kom Eerdmans ook gedurig op hierdie tema van „established religion" terug en verklaar hy bv. die nadruk wat die profete lê op die etiese eise van die godsdiens as 'n deurwerking van en teruggryp op die oorsprong van hierdie godsdiens. So sien hy bv. die stryd van Jeremia teen sy volk as 'n poging om teenoor die tot die laagste vorm van natuurlike religie gesonke volksgodsdiens sy volk gedagtig te maak aan die hoë oorsprong van sy godsdiens en te oortuig van die belangrikheid van die wet van Jahwe en die geestelike en sedelike betekenis van sy gebooie (bl. 194). Ook die toekomsverwagtings waardeur Israel hom so sterk van ander volke onderskei, vloei voort uit die karakter van sy godsdiens as 'n gestigte, wat van die aanvang af die toekoms van die volk in sy gesigsveld betrek het (bl. 322) en eintlik saamhang met die verkiesingsgedagte (bl. 325).

'n Ander belangrike bydrae wat Eerdmans gegee het tot die Outestamentiese wetenskap is sy verdediging van die Dekaloog as Mosaies — al is dit dan ook in korter vorm. Reeds in 'n artikel van 1903 het hy hierdie stelling verdedig en 45 jaar later staan hy nog by hierdie oortuiging. Selfs die Verbondsboek Ex. 21—23:13a ag hy uit die tyd van Moses afkomstig nieteenstaande die agtergrond van akkerbou wat hierdie wetboek vertoon. Hierdie mening reeds in 1909 in The Expositor onder die opskrif *The Book of the Covenant and the Decalogue* en weer in Alttestamentliche Studien III 1910 verdedig, vind ons in die IXde hoofstuk van The Religion of Israel opnuut beargumenteer. Dit hang natuurlik ook saam met sy oortuiging

dat die Hebreërs reeds in die patriargetyd akkerbouende halfnomade was.

Die ouderdom van die Levitiese wetgewing soos vernaamlik in die boek Leviticus bewaar, het teenoor die Wellhausiaanse datering in die na-exiliese tyd in Eerdmans altyd 'n vurig en knap verdediger gevind. Reeds in 1904 betuig hy dat bv. die Groot Versoendag geen skepping van latere priesterteologie was nie maar met allerlei voorstellinge van die lewende volksgeloof uit oue tye saamhang. De vooreksiliese afkoms van die wetgewing oor die feeste soos in Lev. 23 voorkomende het hy in 1912 verdedig. So sien ons dan hierdie Levitiese wette in sy Religion of Israel direk na Salomo behandel as cultusgebruike by die Jerusalemse tempel in swang en tydens Hiskia gekodifiseer.

In sy Psalmkommentaar *The Hebrew Book of Psalms*, as deel IV van die Oudtestamentische Studiën onder redactie van sy leerling De Boer in 1947 verskene, gelyk reeds in voorafgaande studies oor die Psalms (dis opmerklik dat die laaste tien jare van sy professoraat Eerdmans vernaamlik aan die studie van die Psalmboek gewy het) tree Eerdmans op as sterk voorstander van die vooreksiliese datering van die meeste Psalms en verdediger van die betroubaarheid en vertaalbaarheid van die Masoretiese teks.

Die merkwaardige is nou egter dat by al hierdie konservatief-ortodoks klinkende stellings Eerdmans heeltemal nie in die kamp van die apologete tuis hoort nie. Hy was 'n criticus van die skerpsinnigste soort en wie in sy geskrifte 'n verdediging van die een of ander inspirasieteorie sou verwag sou al gou teleurgesteld ophou met lees. Die meeste van sy hierbo genoemde resultate gaan gepaar met opvattings wat diametraal teenoor die konservatiewe beskouing staan. So hang sy verdediging van die Mosaïsiteit van die Dekaloog nou same met sy opvatting aangaande die 10de gebod dat hier nie 'n gedagte- of gesinsheidsonde verbied word nie, maar dat "begeer" opgevat moet word as „jouself toeëien terwyl die besitter afwesig is"; die gedagtesonde word volgens Eerdmans in die O.T. nog nie as sonde aangemerk nie (so reeds in artikels in Theol. Tijdschrift 1903 en 1905 uiteengesit. Die Dekaloog gee ook nie nuwe gebooie nie, maar die toepassing van bekende stam-oortuigings op die wyer lewenskring van 'n volk. Die so sterk beklemtoonde oortuiging van Eerdmans dat die godsdiens van Israel alleen as 'n gestigte te verstaan is, het as sy keersy die verklaring van sy ontstaan deur oorname deur Moses van die god van die Keniete, die vuurgod van die woestynsmede. Die vooreksiliese datering van die Psalms hang weer nou saam met sy hipotese van die ontsaan van die Psalms in die kringe van die Chasidim, 'n groep van strydbare Jahwe-aanhangers wat nie eers in die Makkabeër tyd nie maar reeds lank voor die ballingskap in Israel

sou opgetree het. Sy aanhanklikheid aan die Masoretiese teks verlei hom tot 'n verwaarlosing van al die getuienis wat aangaande die teks in die oudste vertalings te vinde is en van die teksgeskiedenis in die algemeen. Sy teensin teen konjekture laat hom 'n Psalmkommentaar soos die van Gunkel soseer verwerp dat hiermee ook die groot betekenis van die se ondersoek na psalmsoorte en styl en ritme, ja eintlik die hele psalmondersoek van die laaste generasie verontagsaam word. So is daar wel waarheid in die tipering van Eerdmans deur Vriezen: sy hand was teen almal en almal se hand teen hom. Tog beskou Vriezen tereg Eerdmans se Psalmverklaring as 'n belangrike werk, die werk van 'n geleerde wat tot 'n heeltemal eie visie op die Psalms gekom het, die werk van — soos hy dit juis en geestig uitdruk — 'n nugtere, selfstandige, koppige Hollander.

Eerdmans het sy plek onder die Outestamentici en op die leerstoel van Kuenen met ere ingeneem en sy werk sal nie gou vergeet word nie. Hy was sterker en groter in kritiek as in konstruksie, in analisie meer as in sintese. Veel van sy spesiale opvattings sal die toets van die tyd, van sy eie tyd reeds, nie deurstaan nie, maar veel ook sal waarskynlik almeer aanhang en bevestiging kry. Daar is 'n rykdom van treffende opmerkings en vondste tot in sy laaste werke wat nie gou uitgeput sal word nie. Hy lok dikwels teenspraak uit, maar sit aan tot denke en wek tot selfstandige arbeid en oordeel. 'n Skool het hy nie gevorm nie, ook wel nie wil vorm nie, maar sy leerlinge het van hom sin vir navorsing en die drang tot soek na eie weë geleer. Twee van hulle beklee die hoogleraarskap aan Nederlandse Universiteite en beklee dit met toewyding, smaak en karakter. As Eerdmans op die laaste bladsye van The Religion of Israel die wese van Israel se godsdiens beskryf as geloof in die verkiezende Verlossergod, as 'n oortuiging van die realiteit van God en sy menslike bevatting te bo gaande volheid, as 'n religie van gehoorsaamheid waarin die cultus sy integrerende plek had maar nie as 'n verdienstelike werk dog as teken van die sielsgesteldheid, dan kry mens die indruk dat hy hiermee die wese van die religie assodanig soos wat dit vir homself beteken het, beskryf. Hy was 'n *chasîd*, een van die strydbare vromes wie se bestaan onder Israel hy met soveel simpatie onderken het, 'n *jāsjār*, 'n opregte, aan wie die Outestamentiese seën van lengte van dae en jare van lewe vervul is asook die Psalmwoord: In gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra . . . om te verkondig dat die HERE reg is.

B. Gemser.